

HARDAP PROEFPLAAS

G.M.S. MARITZ

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, HARDAP PROEFPLAAS

Posbus 104, Mariental 9000

Vir die doel van die beskrywing van die ontstaan en verdere ontwikkeling van Hardap Proefplaas is die geskiedenis onlosmaaklik gekoppel aan die bou van die Hardapdam en die ontwikkeling van die besproeiingsnederstelling daarna.

Die bou van die dam was alreeds ter oorweging voorgelê voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Daarna het die destydse Unie-magte beheer oor SWA oorgeneem en is hierdie latente potensiaal weereens oorweeg. Daar was ernstige bedenkinge oor die gehalte van die beoogde besproeiingsgronde. Terselfdertyd was die bou van die dam 'n politieke speelbal, maar na 1950 het die Departement van Lande onder leiding van Sy Edele mnr. J. van der Watt weer besin oor die behoefte aan besproeiingsgrond in SWA en na verskeie opnames deur die Departement Landbou, Lande Finansies en Algemene Sake is wel besluit dat besware en moontlike probleme oorbrugbaar is. Die aangeleentheid is aan die Uitvoerende Komitee voorgelê en na 'n positiewe motivering is besluit dat die bou van 'n besproeiingsdam en die stigting van 'n nederstelling in beginsel goedgekeur word. Die Departement Lande het opdrag gekry om met die eienaars van die veeplase Hardap, Keikanachab en Narras te onderhandel vir die aankoop van die nodige grond. Mnr. G. Agenbag, tans nog in diens van die Administrasie vir Blankes, Direkoraat Landbou, het namens die Staat ontvangs geneem van die uitgekoopte grond en die Departement van Waterwese kon met die konstruksie van die pragtige dam, wat later as landmerk sou dien, begin. Hierdie fyn bewys van ingenieursvernuf is dan ook in die vroeë sestigerjare voltooi.

Intussen is dan ook begin met die toekenning van persele volgens Unieproklamasie 310 van 1927 teen baie gunstige voorwaardes vir die suksesvolle applikante.

Nog voordat die kanalisering voltooi was, het die behoefte aan die oprigting van 'n proefplaas ontstaan. Die nedersetters was oor die algemeen nie besonder vertrouwd met hierdie tipe van boedery nie

en daar was inherente probleme, soos die oormaat van wit en swart brak en die gebrek aan kennis oor besproeiingspraktyke en aangepaste gewasse.




Verskillende tafeldruifkultivars word verbou.

Perseel no. 46 met 'n grootte van 92 ha is geïdentifiseer as een van die dele met 'n baie swak boederypotensiaal en is juis daarom geoormerk as 'n toekomstige proefplaas wat aan die nodige navoersingsbehoefes sou voldoen.

'n Pompstasie is in die Visrivier opgerig en daar is met navorsing begin. Die grootste probleem uit die ou korrespondensie blyk verbraking en die beoefening van besproeiingspraktyke te wees. Trouens, dit geniet tans nog 'n baie hoë prioriteit. Dit is interessant dat bewerkingspraktyke en die toediening van landbougips destyds al 'n belangrike rol gespeel het. Intussen ontvang die proefplaas ook kanaalwater.



Die Hardap Proefplaas met lusern, mielies, dadels en die opstal in die agtergrond.



'n Dadelpalm in volle drag.

Die amptelike inwyding van die proefplaas het in 1966 plaasgevind. Die verantwoordelike beampte was mnr. Huiszaman, later tandarts. Hy is opgevolg deur mnr. Rossouw, daarna mnr. G. Vink, tans nog in diens van die Departement Landbou, Rustenburg, daarna mnr. Maart 1987 mnr. G.M.S. Maritz. Na die sekondering van mnr. Laing tot en met die aanstelling van mnr. Maritz het mnr. J. Theron, 'n seun van die omgewing, as bestuurder waargeneem.

In resente tye is die hele proefplaas onder besproeiing geplaas, dit wil sê 'n addisionele 25% van die oppervlakte en tans word daar 'n verskeidenheid van proewe gedoen wat uit die aard van die ligging en omstandighede akkerbou-georiënteerd is. Voorbeelde hiervan is wingerdverbouing (tafeldruive soos onder andere sultanas), dadelverbouing, klein en grootskaalse proewe op winter- en somergewasse (soos verskillende groentes, koring, gars, hawer, mielies, katoen, droëbone, lusern), onkruiddoders, insekbestryding, besproeiingspraktyke, bewerkings- en bemestingspraktyke, die opbou van nuwe grond deur die vestiging van pioniersgewasse en dergelike meer.



Verskillende katoenkultivars word ge-evalueer.

'n Hele reeks projekte is in die pyplyn en die resultate daarvan sal deur die gewone kanale bekendgestel word.

'n Groot deel van die fuksie is ook om voer, veral lusern en mielies te produseer om aan die behoeftes van ander projekte van die Administrasie te voldoen.

Die proefplaas word tans uitgebrei op aangrensende persele (no. 43 en 44) met 'n grootte van 63 ha wat onder besproeiing geplaas gaan word sodat die Administrasie se dienste nog verder uitgebrei kan word.

Hardap Proefplaas werk nou saam met die nabygeleë Karakoelramtoetsentrum, en daar is baie deelbare fasiliteite omdat die twee instansiës slegs 'n paar kilometer van mekaar geleë is.

Hardap Proefplaas is 'n bymekaarkomplek vir die besproeiingsboere. Hulle gesindheid en samewerking is oor die algemeen gesond. Die onlangs gestigte werksgroep van die plaaslike boere met verteenwoordiging ook van Stampriet hou die kommunikasie met die proefplaas op 'n hoë vlak en maak die behoeftebepaling van die gemeenskap makliker identifiseerbaar en bewerkstellig 'n noodsaaklike interaksie.

Soos geskikte personeel meer gereedlik beskikbaar word, gaan hierdie proefplaas van krag tot krag en lewer sy bydrae tot 'n gemeenskap wat oppervlakgesproke klein is, maar wat in sy geheel 'n groot inset lewer tot die landbousektor van SWA en meehelp om besproeiingsgrond van die Hardap-skema al hoe meer gesog te maak.

Praktiese opleiding begin ook na vore te kom en skoliere van die H.T.S. in Windhoek en Neudamm-studente sal volgens die huidige beplanning al hoe meer kennis maak met die praktiese sy van hierdie tipe boerdery.

Alle belangstellendes is altyd welkom by die Proefplaas Hardap, wat ongeveer halfpad geleë is tussen die Hardapdam en Mariental (15 km noord van Mariental).

Vir die saamstel van hierdie artikel word erkenning verleen aan onder andere mnre. Hennie Strauss, destydse Direkteur van Lande en D. Theron, destydse Senior Landboubeampte by dieselfde Departement wat baie behulpsaam was met die verskaffing van inligting.